Dié 'Plakboek' is soos 'n versamelstuk

Plakboek
Circus Maximus-teater, Emperors Palace
Kobus Burger

Wonder mense nog oor die oorsprong van Afrikaanse kabaret en hoe dié genre voortleef?

Indien wel, sou hulle 'n goeie skeut van kabaret se blomjare kon ervaar in *Plakboek*, waarin Laurika Rauch en Amanda Strydom hul loopbane saamvleg. (Dit is nou kabaret voordat dit verwater is tot komedie en *cover versions*, of blote albumbekendstellings!)

Dié produksie het vroeër vanjaar tydens die Klein Karoo Nasionale Kunstefees gedebuteer, maar het eers hier sy wasdom bereik. Vergete is die beperkte bronne van 'n fees. Hier kom Kosie Smit se beligting tot sy reg, klink die mikrofone kraakvars en is Loekie en Miss Mandy alte gemaklik in hul karakteriserings.

Elke stukkie detail spreek van gehalte en Ilse van Hemert (toesighoudende regisseur) se hand is sigbaar in die hele blinkgepoleerde 75 minute.

Die kabaret-deel neem 'n mens terug na 1981 toe die twee sangeresse saam te sien was in Hennie Aucamp se *Met permissie gesê*, wat in die Markteater op die planke was.

Al stof hulle in 'n eenwordingslied treffers soos *Ek loop die pad* en *Kinders van die wind* af, kry die gehoor die geleentheid om twee aktrises en hul bydraes tot Afrikaanse kabaret te aanskou. En te oordeel aan die reaksie is dit allermins 'n enkele fynproewersdis.

Die dramatiese verloop is organies en die oorgange haarfyn beplan sodat 'n mens té gou besef dit is al weer die einde.

Die geheim van dié sukses is vermoedelik die samestelling van die liedjies en die volgorde van vertolkings. Dit is nié 'n grootste treffers-keurspel nie, hoewel die twee wel bekendes ingewerk het.

Die meeste groot teaters in die Goudstad bied deesdae nie meer Afrikaanse musiekteater of toneel nie. Dít alleen maak dat *Plakboek* uitstaan as 'n "geskiedkundige" gebeurtenis.

Saam met die groot meesters vir wie hulle die hoed lig (van Aucamp tot Brel), die spel, musiek, emosie en vertolkings lewer hulle 'n album vol herinneringe wat 'n mens styf vasklou soos 'n versamelstuk.